

## Hoofstuk III

### DIE PRAKTIESE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

#### 1. Wat onder praktiese opleiding verstaan word

##### a. Omskrywing van die begrip

In hierdie studie word onder praktiese opleiding van onderwysers alle aktiwiteite verstaan wat gedurende die onderwysstudent se opleidingstydperk sal bydra om hom op 'n praktiese wyse met die onderwys as werkzaamheid te laat kennis maak en wat hom vir die onderwys sal help voorberei. Hierdie praktiese voorbereiding kan by die volgende plekke plaasvind:

(1) By die opleidingsinrigtings, waar vakmetodiek-dosente tot die studente se voorbereiding kan bydra deur middel van demonstrasielesse met of sonder skoolleerlinge, die ontleding van eie demonstrasielesse asook die van studente, en deur praktiese oefening in die hantering en aanwending van onderwys hulpmiddele en apparaat; deur die deelname van studente by wyse van oefenlesse met of sonder leerlinge, ander optredes voor dosente en medestudente, bespreking en ontleding van lesse gegee deur dosente en medestudente en die oefening in die hantering en aanwending van verskillende soorte apparaat of hulpmiddele wat in besondere onderwysrigtings vereis word. Dit kan ook geskied deur deelname aan die studentebedrywighede wat weer kan bydra tot die voorbereiding van die toekomstige onderwyser se omvattende taak as opvoeder.

(2) By skole gedurende die tydperke of geleenthede wanneer studente volgens die besondere stelsel van hul opleidingsinrigting praktiese opleiding ondergaan. Hier sal alle aktiwiteite waarby die toekomstige onderwyser betrek kan word, dit wil sê binne en buite die skool asook binne en buite skoolverband, as aspekte van hulle praktiese opleiding beskou word.

b. Terminologie in verband met praktiese opleiding

Om tot 'n verantwoordbare terminologie in verband met die praktiese opleiding van onderwysers te kom sal dit wenslik wees om 'n oorsig te kry van die mees gebruikte en aanvaarbare terme in verskillende ander tale.

(1) Die Amerikaanse stelsels van onderwysersopleiding in die onderskeie state is wyd uiteenlopend en so ook die terminologie in gebruik by die praktiese opleiding van onderwysers. Die volgende terme word egter redelik algemeen gebruik, alhoewel die betekenis soms verskil:<sup>1)</sup>

"Professional laboratory experience"

Alle skakeling met kinders, jongmense en volwassenes in die skool en die gemeenskap, insluitend waarneming van, en deelname aan onderrig en leierskapsaktiwiteite.

"Student teaching"

Die handeling wanneer 'n onderwys-student toenemende verantwoordelikheid aanvaar vir die onderwys

---

1) Kyk Andrews, L.O. Student teaching, p. 9-12.

van 'n groep leerlinge vir enkele weke aaneenlopend.  
"Student teacher"

Die student wat vir die bogenoemde handeling verantwoordelik is.

"College Supervisor"

'n Kollege-personeellid wie se taak dit is om toesig te hou oor die bedrywighede van die „student teachers“.

"Supervising teacher" of „co-operating teacher"

'n Klas- of vakonderwyser onder wie se direkte toesig en leiding 'n student sy praktiese opleiding ondergaan.

"Laboratory school"

'n Skool op of naby die terrein van die opleidingsinrigting (kollege), waar die bestuur, personeel en leerplan van die skool gedeeltelik of ten volle onder beheer van die kollege is.

"Co-operating school"

'n Skool wat sy fasiliteite tot beskikking van die kollege stel maar wat nie onder beheer van die kollege is nie.

"Internship"

Die tydperk wanneer 'n onderwysstudent wat sy formele onderwysersopleiding aan die opleidingsinrigting voltooi het, vir 'n maksimum van een jaar by 'n skool in diens geneem word, 'n salaris ontvang, onder beheer van die skool is, maar met voorgesette skakeling met die kollegepersoneel, en wat volgens 'n beplande opleidingsprogram werk.

(2) Die Engelse opleidingsinrigtings en skrywers gebruik nie so 'n groot verskeidenheid spesiale

terme vir die praktiese opleiding as wat die geval by die Amerikaners is nie. Die begrip „teaching practice" word algemeen in amptelike publikasies en vaktydskrifte as ekwivalent vir die Amerikaanse „Student teaching" gebruik. Soms word ook gepraat van „school practice." <sup>1)</sup>

(3) By die Nederlandse onderwysersopleiding word die term „hospiteren" as ekwivalent vir die Amerikaanse „Student teaching" en die Engelse „teaching practice" gebruik. Die begrip „hospiteren" omsluit egter, soos later aangetoon sal word, verskillende aktiwiteite. Daarom verklaar Verboon: „Trachten we nu het geheel te overzien, dan bemerken we dat het hospiteren een zo ingewikkelde activiteit is, dat we het niet per definitie kunnen vastleggen, of we zouden ons tevreden moeten stellen met een vage omschrijving als 'die activiteiten verband houdende met het als kwekeling bezoeken van scholen voor lager onderwijs, waardoor de vorming tot onderwijzer zo alzijdig mogelijk worde'". <sup>2)</sup>

(4) In die Duitse opleidingstelsels word gepraat van „Schulpraktikum" of ook „Hospitation", „Hospitieren" en „Lehrprobenzeit" as ekwivalente vir die alreeds aangehaalde „teaching practice,

---

1) Kyk Gurrey, P. Education and the training of teachers, p. 132-141.

2) Verboon, N. Over de vorming van onderwijzers, p. 17.

„Student teaching" en „hospiteren".<sup>1)</sup>

c. 'n Eie terminologie

Soos uit die voorgaande uiteensettings blyk, het ons hier hoofsaaklik te doen met woordgebruike rondom die praktiese opleiding van onderwysers by die skole.

Die sleutelterm wat hier voorgestel word, is oefenonderwys. Oefenonderwys sal gebruik word om die praktiese opleiding wat 'n onderwys-student gedurende sy kursus, vir aaneenlopende tydperke van enkele weke of vir enkele dae of enkele weke oor 'n sekere tydperk versprei, by skole ontvang, te beskryf. Dit sal alle aktiwiteite insluit waarby die student in sy hoedanigheid as toekomstige onderwyser betrek word, dit wil sê sowel binne en buite te die skool as binne en buite skoolverband.

Alhoewel daar geen taalkundige beswaar teen die bekende „proefonderwys" ingebring kan word nie, gee die term oefenonderwys 'n duidelik en presiese omskrywing van die aktiwiteit: die student oefen om onderwys te gee. Dit sluit ook nou aan by die plaaslik gebruikte Engelse woord, „teaching practice". Die Transvaalse Onderwysdepartement gebruik teenswoordig die term „praktiese onderwys" vir dieselfde begrip en verkies ook dat onderwys=

---

1) Kyk o.a. Richter, W. Zur Entwicklung der Lehrerbildung in Deutschland. Zeitschrift für Pädagogik, Nr. 1, Febr. 1965 en Stellwag, H.W.F. en Van de Griend, P.C. De leraarsopleiding, p. 72.

kolleges dit so gebruik.<sup>1)</sup> Alle onderwys of onderwysgee is egter tog prakties want dit veronderstel 'n handeling. Die term „praktiese onderwys" kan dus nie in hierdie verband aanvaar word nie.

Die Amerikaanse „student teaching" en die Nederlandse „hospiteren" of Duitse „hospitieren" bied om rede van hulle vreemdheid min moontlikhede tot ooreenname in ons woordgebruik.

Die term „oefenonderwys" word dus voorgestel en na aanleiding daarvan ook afleidings soos oefenlesse, oefenonderwystydperk, oefenskool, ens.

Daar is wel plek vir die begrip „proefonderwys". Dit word voorgestel om die geleentheid aan te dui wanneer 'n student vir die eerste keer tydens sy opleiding onderwys gaan gee en waar hierdie onderwys as 'n proeftydperk gereken sal word wat sal bepaal of hy sy kursus kan voortsit al dan nie.<sup>2)</sup>

Die term „praktiese onderwys" word voorgestel om die onderwys aan te dui wat 'n student kan gee na afloop van sy formele opleidingskursus aan die opleidingsinrigting. Hy gee dan praktiese onderwys by 'n skool waar hy vir 'n sekere tydperk in 'n nie-permanente alhoewel voltydse hoedanigheid aangestel word. Hierdie praktiese onderwys sal

---

1) Kyk bv. T.O.D. Omsendbrief Nr. 28 van 1968.

2) Kyk ook hfst. VII, p.163-4; hfst. XIII, p.

verskil van die (praktiese) onderwys wat die ten volle gekwalifiseerde onderwyser gee, in die sin dat die student eers finaal afgestudeer is as hy hierdie tydperk van praktiese onderwys suksesvol deurloop het.

Later in hierdie werk sal ander begrippe, bv. dosent-onderwyser, internskap, praktiese onderwys en proefonderwys, na vore gebring en omskryf word.

## 2. Beginsels waarop die praktiese opleiding van onderwysers in die klaskamer berus.

Alhoewel die praktiese opleiding van onderwysers en in besonder die oefenonderwys, gewoonlik deur alle belanghebbendes, dit wil sê onderwysstude= dente, dosente en onderwysers, as 'n noodsaaklike onderdeel van die student se opleiding beskou word, is dit tog nodig dat die noodsaaklikheid van hier= die faset van onderwysersopleiding nader beskou en gemotiveer moet word.

In dié verband moet die vraag gestel word of dit werklik nodig is om die onderwyser ook in die praktyk op te lei. Sal die jong onderwyser on= volledig vir sy taak voorberei wees sonder die praktiese vooroefening in 'n skool? Kan die on= derwysstudent tydens oefenonderwystydperke meer baat vind by die praktiese ondervinding van „skool= hou" as by intensiewe teoretiese opleiding en fun= dering?

Om op hierdie en soortgelyke vrae te antwoord,

kan as regverdiging vir die algemeen-gebruiklike praktyk van praktiese opleiding van die onderwys=student en veral van oefenonderwys, die volgende beginsels wat ter sprake kom, gestel word:<sup>1)</sup>

a. Onderwys is 'n werkzaamheid of handeling wat aangeleer kan word. Deur dit te analiseer en te evalueer en swakhede in die wyse van aanbieding deur die onderwyser bloot te lê, kan verskillende metodes verbeter word. Hierdie beginsel is gevolglik strydig met die uitgangspunt wat soms gehoor word, nl. dat die goeie onderwyser gebore word en nie gemaak, gevorm of opgelei word nie. Dit is egter niestrydig met die feit dat sommige mense ten opsigte van temperament, verstandelike en fisiese vermoëns – hul bio-psigiese gesteldheid in die algemeen – beter potensiële onderwysers uitmaak as andere.

b. Die onderwyssituasie verskil wesenlik van alle ander situasies en moet in die praktyk ervaar word om die andersoortige aard daarvan te begryp. Die mens tree nie noodwendig in alle situasies eenders op nie omdat elke situasie ander eise stel. So bv. sal die eise van lidmaatskap van 'n vereniging, 'n studentegroep, 'n gesin, ens. grootliks van mekaar verskil.

Die eise wat die onderwys aan die onderwyser stel, word bepaal deur die besondere aard van die

---

1) Kyk ook Shaplin, J.T. Practice in teaching.  
(In Smith, E.R. (red.) Teacher education:  
a reappraisal, p. 80-7.)



onderwyssituasie.<sup>1)</sup>

c. Die onderwyssituasie is normaalweg, maar veral by die jong onderwyser, 'n situasie wat spanning teweegbring. Die praktiese opleiding by die skool, word gesien as 'n middel om hierdie spanning te help verlig. Spanning word by die jong onderwyser veral om die volgende twee redes ondervind: Eerstens is die onderwys veral in die hoërskool waar die onderwyser met groot getalle leerlinge te doen het, 'n intensiewe en volgehoue interaksie met mense. Tweedens begin die jong onderwyser, anders as wat mens skien verwag sou word, met 'n vol program en word 'n hom dieselfde hoeveelheid werk verwag as van die ervare leerkrag. Hierdie twee feite stel hoë eise aan die onderwyser met spanning as die onvermydelike gevolg. Veral die konsensieuse onderwyser besef gou dat hy nooit voldoende kennis kan besit nie, dat sy werk nooit voltooi is nie en dat hy maklik kan fouteer in sy hantering van mense.

Oefenonderwys in toestande wat so na as moontlik aan die werklike onderwystoestande kom, bied 'n geleidelike inleiding in die onderwyssituasie en dien sodoende as buffer vir die sogenaamde „reality shock" wat so baie jong onderwysers ondervind.

d. Onderwysers kan hulle eie onderwysmetodes en -tegnieke verbeter deur self hulle lesse te analiseer, kritiseer en evalueer.

---

1) Van der Stoep tipeer die onderwyssituasie (skoolsituasie) in 'n twaalftal onderskeidende kenmerke. Kyk Van der Stoep, F. en O.A. Didaktiese oriëntasie, p. 117-22.

Hierdie ingesteldheid op selfanalise en -evaluering kom nie vanself nie, maar moet aangeleer word. Dit kan die beste tydens oefenonderwys gedoen word wanneer die student ontvanklik is vir die raad en hulp van dosente en onderwysers. As hy eers in die praktyk staan, beoefen die jong onderwyser sy beroep in betreklike isolasie van ander onderwysers en beskou hy homself dikwels as 'n gekwalifiseerde persoon wat nie meer raad van sy hoof en ander meeres nodig het nie. Die student moet dus gewoonde gemaak word aan die idee om sy eie didaktiek en metodiek te analiseer en kritiseer sodat hy die gebruik ook in die praktyk sal voortsit.

e. Praktiese opleiding van die onderwyser vervul, naas die opleidingsfunksie ook 'n tweede, alhoewel sekondêre funksie. Dit lei nl. tot uitskakeling van studente wat nie geskik is vir die onderwysberoep nie. Daar kan 'n groot verskeidenheid redes wees waarom 'n kandidaat nie as geskik bevind word nie en sy geskiktheid al dan nie kan eintlik eers in die praktyk onder werklike onderwystoestande bepaal word. Selfs die beste keuringstelsel by toelating van die student tot die opleidingskursus kan nie verhoed dat 'n sekere persentasie ongeskikte kandidate vir die onderwystoegang tot die opleidingsinrigting verkry nie. Hulle behoort deur 'n tweede sif te gaan, t.w. oefenonderwys by die skole. Die klaskamer stel die persoon wat geëlimineer moet word, gou aan die kaak: of die personeel merk dit op, of die kwe-

keling voel dit self aan.<sup>1)</sup>

f. Praktiese opleiding van die onderwyser, soos tewens ook by ander beroepe, gee sin en betekenis aan die teoretiese opleiding. Terselfdertyd word die praktiese opleiding nie beskou as die belangrikste onderdeel van onderwysersopleiding nie, maar wel as die geleentheid om dit wat in die akademiese deel van die opleiding geleer is, te organiseer en aan te pas by omstandighede en volgens die behoeftes van die betrokke leerlinge. Ook bied dit geleentheid om dit wat in die professionele deel van die opleiding geleer is, in die praktyk te beproef en benodig te wysig om by die eie ondervinding en persoonlikheid aan te pas.

### 3. Doelstellings met die praktiese opleiding van onderwysers

#### a. Die verhouding tussen teorie en praktyk.

'n Formulerings van doelstellings met die praktiese opleiding van onderwysers kan van twee duidelik teenoorgestelde standpunte benader word. Aan die een kant kan die hoofmerk wees om die student-onderwyser soveel praktiese oefening as moontlik te gee sodat hy al die nodige vaardighede, bekwaamhede en tegnieke van onderrig sal ken en kan. Vanuit hierdie standpunt sal die doel dan wees om 'n onder-

---

1) Kyk ook Loubser, J.W. Verhouding tussen teorie en praktyk en die praktiese opleiding van die onderwyser. (In Aspekte van die opleiding van onderwysers, S.A.V.B.O., p. 48.)

wyser toe te rus met wat hy nodig het om te gaan onderwys gee; om te kan „skoolhou“. Praktiese opleiding het volgens hierdie siening dus 'n soort vakleerlingskap voor oë — sowel die onmiddellike as die uiteindelijke doelstellings is prakties van aard.

Aan die ander kant kan die praktiese opleiding gesien word as die geleentheid om die teoretiese vorming aan te vul en sinvol te maak. So gesien, is die belangrikste oogmerk van die praktiese opleiding dan nie om die student slegs te leer skoolhou nie, maar om 'n bydrae te lewer tot die bereiking van die breë doelstellings van onderwysersopleiding. Uit die aard van die saak sal so 'n praktiese opleiding ook moet klem lê op didakties-metodologiese en pragmatiese aspekte van die onderwyswerkzaamheid. Dit sal egter meer bepaald

'n taak van die praktiese opleiding moet wees om die onderwys in al sy fasette en dus ook wat die teoretiese en wysgerig-antropologiese aspekte betref, aan die student voor te hou. Soos Oberholzer dit stel: „Dit staan onwrikbaar vas: geen beplande praktyk ter wêreld, veral nie in hoogsgeorganiseerde verband nie soos onderwysersopleiding onteenseglik is, kan sonder antropologiese onderbou wees. Laasgenoemde omsluit 'n bepaalde lewenshouding en lewensopvatting.<sup>1)</sup>

---

1) Oberholzer, C.K. Die filosofiese grondslae by die opleiding van onderwysers. (In S.A.V.B.O. Aspekte van die opleiding van onderwysers, p. 2.)

Alhoewel daar heelwat geskryf is oor die praktiese opleiding van onderwysers, bly 'n bydrae van die Amerikaner John Dewey nog steeds een van die mees indringende teoretiese ontledings van die praktiese opleiding van onderwysers.<sup>1)</sup> Dewey onderskei tussen die sogenaamde vakleerling-metode met die onmiddellike en beperkte doel om aan die student die nodige gereedskap te voorsien en aan die ander kant wat hy die laboratoriummetode noem. Hier is die doel om praktiese werk as instrument te gebruik om die teoretiese opleiding sin en betekenis te gee.

As redes vir sy voorkeur van laasgenoemde metode noem hy die volgende: (1) By ander profesies is die oogmerk met praktiese opleiding „control of the intellectual methods required for personal and independent mastery of practical skill, rather than turning out at once masters of the craft.”<sup>2)</sup> (2) Om die klem vir die student slegs te laat val op bekwaamheid om te onderrig en orde te handhaaf, is verkeerd. Daar is wel tegnieke wat bemeester moet word. Om opvoedkundige waarde te hê, moet hierdie tegnieke egter berus op definitiewe opvoedkundige beginsels. Dewey praat van innerlike en uiterlike aandag by kinders. „The inner attention is the giving of the mind without reserve or qualification. It is the first-

---

1) Dewey, J. The relation of theory to practice in education. (In Third Yearbook of the national society for the scientific study of education.)

2) Ibid., p. 11.

hand and personal play of mental powers. To be able to keep track of this mental play, to recognize the signs of its presence or absence, to know how it is initiated and maintained, how to test it by results attained, and to test apparent results by it, is the supreme mark and criterion of a teacher. It means insight into soul-action, ability to discriminate the genuine from the sham, and capacity to further one and discourage the other".<sup>1)</sup> (3) Liewer as om die student te voorsien van al die metodes en tegnieke vir suksesvolle onderrig en liewer as om hom te help om die onmiddellike bekwaamhede te bemeester, moet die oogmerk van die praktiese opleiding wees om van die student 'n wakker en skerpsinnige opvoeder te maak wat in alle nuwe en vreemde situasies die beste oplossing sal soek. Die onderwysers wat net geïnteresseerd is in die beste metodes en tegnieke om die leerstof suksesvol oor te dra, mag weet hoe om suksesvol te onderrig, maar hulle sal die inspirasie en visie van die ware opvoeder mis. „Such persons seem to know how to teach, but they are not students of teaching".<sup>2)</sup> Die onderwyser wat die beste metode as sy hoogste doel soek, sal wel vorder as leermeester maar nie as ware opvoeder en inspireerder nie.

In die verband verklaar J.P. de Lange: "... handelend vanuit die lewens- en wêreldbeskouing

---

1) Dewey, J., a.w., p. 14.

2) Ibid., p. 15.

moet hy (d.i. die onderwyser) pedagogies verantwoordbaar onderwysend opvoed. Hierdie eenheid is die grondvoorwaarde vir sy praktiese vorming. Dit dui ook veelmeer op die wese van die praktiese vorming as welke tegniese vaardigheid of reseptebeheersing ookal".<sup>1)</sup>

b. Doelstellings met die praktiese opleiding aan opleidingsinrigtings

Soos vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit, vind die praktiese opleiding van die onderwyser plaas sowel by die opleidingsinrigting as by die skole waarheen studente vir oefenonderwys gestuur word. Uit die aard van die saak kan die student aan die opleidingsinrigting slegs in 'n beperkte mate praktiese opleiding vir sy onderwystaak ontvang, want die eintlike praktiese voorbereiding kan maar eers onder werklike onderwystoestande by 'n skool plaasvind. Die geleentheid wat die opleidingsinrigting vir die student se praktiese voorbereiding bied, lê sowel op die terrein van die beroepsdoel as op dié van die algemeen-vormende doel van onderwysersopleiding.<sup>2)</sup>

Praktiese voorbereiding van die student aan die opleidingsinrigting behoort die volgende oogmerke te hê:

- 
- 1) De Lange, J.P. 'n Prinsipiële fundering en pedagogiese evaluering van geïntegreerde akademiese en professionele kursusse vir die opleiding van onderwysers, p. 207.
  - 2) Kyk hfst. II.

(1) Onderrig in vakmetodieke

In die mate wat beskikbare fasiliteite en die organisasie dit toelaat, is die taak van die opleidingsinrigting hier hoofsaaklik die aanbieding van demonstrasielesse deur vakmetodiekdosente en studente. In hierdie verband is die samewerking van nabyliggende skole van groot belang. Hulle kan bv. leerling-groepe of klasse beskikbaar stel. Goed toegeruste demonstrasielokale is in dié verband ook van groot waarde.

(2) Vaardigheid in die aanwending en hantering van vaktegniese apparaat en opvoedkundige hulpmiddels

Op hierdie terrein het die opleidingsinrigting die belangrike taak om studente deeglik vertrouwd te maak met die groot verskeidenheid moderne en teenswoordig noodsaaklike apparaat en hulpmiddels. Dit geld natuurlik in 'n meerdere mate vir vakke soos Bedryfskennis, Huishoudkunde, Liggaamlike Opvoeding, ens. waar die gebruik van apparaat of gereedskap 'n sentrale plek in die opleiding inneem. Van selfsprekend sal dit by die metodiek-dosent of wie ook al by die opleidingsinrigting vir hierdie onderrig verantwoordelik is, in hoofsaak gaan om die opvoedkundige aanwending en opvoedkundige waarde van alle soorte apparaat en hulpmiddels.

(3) Kinderstudie.

Alhoewel dit miskien slegs in enkele gevalle prakties moontlik is, bly dit nogtans die taak van die opleidingsinrigting om sy deel by te dra om studente in die geleentheid te stel om kennis te dra



van die belangrike bydrae wat kinderleidingklinieke of soortgelyke ondernemings in die opvoeding van veral die kinders met opvoedingsprobleme kan speel.

(4) Praktiese opleiding in leierskap

Praktiese opleiding in leierskap is 'n wesenlike verantwoordelikheid van die opleidingsinrigting.<sup>1)</sup> Leierskap moet sowel formeel deur middel van praktiese kursusse as informeel deur die studente se deelname aan studentebedrywighede bevorder word.

(5) Opvoeding tot geestelike volwassenheid

Hierdie doelstelling is 'n oorkoepelende taak ook by die praktiese opleiding van die onderwyser.<sup>2)</sup> Hier is dit ter sake om te beklemtoon dat die opleidingsinrigting die geleentheid moet skep dat studente gedurende hulle opleiding tot volwaardige, geestelike volwassenheid kan ontplooi o.a. deur aktiewe deelname aan sulke aktiwiteite wat hulle godsdienstige, nasionale, sosiale, estetiese en liggaamlike ontwikkeling sal bevorder.

c. Doelstellings met oefenonderwys

Al verskil deskundiges in hul uitsprake oor onderwysersopleiding ook hoe radikaal ten opsigte van verskillende aspekte van die opleiding, dan is almal dit gewoonlik eens dat oefenonderwys die een

---

1) Kyk ook hfst. II, 2 b.

2) Ibid.

noodsaaklike onderdeel van die opleiding moet uitmaak. Dat daar wel 'n groot verskeidenheid standpunte bestaan oor wat die beste stelsel van oefenonderwys is, is nie nou hier ter sake nie.

Met inagneming van die alreeds geformuleerde doelstellings met onderwysersopleiding in hoofstuk II, en uitgaande van die verklaarde standpunt in hoofstuk III<sup>1)</sup> dat die hoofdoel van die praktiese opleiding van onderwysers 'n poging is om by te dra tot die bereiking van hierdie doelstellings, kan die spesifieke doelstellings met oefenonderwys nou soos volg geformuleer word:

(1) Om die student te oriënteer ten opsigte van die wêreld van die skool met sy groot verskeidenheid fasette en eise, soos onder andere die skoolorganisasie en -administrasie, eie tradisies, gewoontes, gebruike en reëls, departementele vereistes ten opsigte van leergange en werkswyses, verantwoordelikhede ten opsigte van leerlinge se werk, gedrag, vordering, buitemuurse aktiwiteite, kulturele aktiwiteite en nog talle meer. „This is the realm of reality, where he first receives the shock of disbelief that anybody should be expected to work so hard; where he confronts parents, P.T.A. meetings, bells, interruptions — all the problems, frustrations and hopes of the school as we know them”.<sup>2)</sup>

---

1) Kyk bladsy 50 (hoofstuk III).

2) Purpel, D.E.: Student teaching. Journal of teacher education, 18, 1: p. 21, 1967.

(2) Om die waarde en relevansie van alles wat tydens die student se opleiding aan die opleidingsinrigting geleer en aan hom voorgehou is, aan die praktyk te toets. Hierby word nie net praktiese aspekte soos vakmetodieke en onderrigtegnieke, die gebruik van hulpmiddels, ens. ingesluit nie, maar ook die teoretiese aspekte van die opleiding word hier getoets en ge-evalueer. In die skool en onder werklike skooltoestande kry sake wat teoreties behandel is, vir die student nuwe betekenis. Nou is sake soos die vereistes vir 'n goeie toets, die noodsaaklikheid van interaksie tussen leerling en onderwyser, die hantering van 'n moeilik leerling, deeglike kennis van die leerstof en al die menigte metodiek-voorskrifte meteens van wesenlike belang.

(3) Om aan die student die sin van al die aspekte van sy omvattende opleiding te laat insien, en veral die noue verband wat die teoretiese aspekte van sy vorming met die praktyk het. Op dié wyse dien die student se konfrontasie met die eise van die praktyk om hom positief in te stel teenoor en 'n gereedheid te ontwikkel vir die teoretiese vorming deur middel van die akademiese en professionele vakke in die leerplan van die opleidingsinrigting.

(4) Om die student in staat te stel om deur eerste-handse ondervinding 'n idee te vorm van die werk van die onderwyser, sodat hy finaal kan besluit of hy wel tot die beroep aangetrokke voel, aanleg daarvoor het en die vermoë besit om hom by die vereistes van die beroep aan te pas.

Terselfdertyd is dit ook die geleentheid vir dosente en onderwysers om die student se geskiktheid al dan nie vir die onderwysprofessie te beoordeel.

(5) Om studente die geleentheid te gee om die onderwyser en veral die ervare en suksesvolle onderwyser waar te neem en ook voor so 'n onderwyser self klas te gee; om vervolgens na 'n kritiese bespreking en ontleding van sulke lesse te luister en self daar aan deel te neem. Hieroor sê Sarah Brooks: „Personally I know of no greater stimulus to teaching, nor of a more wholesome check to idiosyncrasies of every kind, than this form of critic meeting.“<sup>1)</sup> Studente het baie duidelik leiding nodig ten opsigte van waarneming van die aspekte van 'n les, die analisering van 'n les en die proses van onderrig wat in 'n goeie les na vore kom. Om studente net in klasse los te laat en te laat klasgee, hoe waardevol die ondervinding ook al mag wees, is nog nie opleiding nie. Deeglike, opvoedkundig-verantwoordbare analise en evaluering van 'n les moet bykom om van oefenonderwys 'n tydperk van ware opleiding te maak.

(6) Om deur volgehoue waarneming en ontleding van die onderwyser se metodiek en 'n kritiese ontleding van die eie lesse te kom tot die identifikasie van sekere gedragspatrone. Deur dit te kontroleer en te wysig word 'n eie onderrigpatroon en 'n eie in-

---

1) Brooks, S.C. Relation of theory to practice. (In The third yearbook of the national society for the scientific study of education, p. 39.)

dividuele onderwysstyl ontwikkel. "Teaching, in addition to being the conscious control of behavior to achieve certain goals, calls into play the total personality, and is a highly personal and creative experience. There is room for wide variation in idiosyncratic behavior — behavior adapted to personal qualities and capacities of the teacher".<sup>1)</sup>

(7) Om aan die student die geleentheid te gee om sy persoonlike waarde en bekwaamhede vir die werk te ontdek, vir hom 'n mate van selfversekering te gee vir wanneer hy die dag voltyds in die praktyk gaan staan en om hom die gevoel van satisfaksie, wat spruit uit die lewering van nuttige, professionele diens te laat smaak.

(8) Om kinders van naby te leer ken en die juiste omgang met kinders aan te leer. Verder ook om die toepassing van opvoedkundige beginsels by die hantering van kinders aan te leer. "Kortom kan ons sê dat wat beoog word is praktiese oefening in die hantering van pedagogiese situasies. Dis hierdie pedagogiese situasies wat belaaï is met sielkundige momente en dis in die sielkundige momente wat die kwekeling-onderwyser praktiese oefening moet hê".<sup>2)</sup>

- 
- 1) Shaplin, J.T. Practice in teaching. (In Teacher education: A reappraisal, p. 90.)
- 2) Nel, B.F. Die psigologiese vorming van die aspirant-onderwyser. (In S.A.V.B.O.: Aspekte van die opleiding van onderwysers, p. 34.)

(9) Om die persoonlike voorvereistes vir suksesvolle onderrig aan te leer of te verbeter. Dit wil sê, persoonlike aspekte soos gebare, gewoontes, houding, maniere, kleredrag, vermoë om suksesvol te kommunikeer deur middel van duidelike spraak, die vermoë om te kan luister, ens.

(10) Om die aspirant-onderwyser vir alle aspekte van sy professionele werk voor te berei, hom nie slegs vir sy taak in die klaskamer en in en om die skool voor te berei nie, maar ook vir alle ter sake aktiwiteite buite die skool soos die skaakeling met die ouers, die gemeenskap, professionele verenigings, ens.. Lucien B. Kinney noem dit „not merely teaching preparation, but actually teacher preparation”.<sup>1)</sup>

(11) Voortspruitend uit die vorige doelstelling, kan ons sê om die onderwyser doelbewus voor te berei vir sy rol as leier in die skoolsituasie en in die verwante skool- en gemeenskapsaktiwiteite.

(12) Ten slotte, om 'n deel by te dra tot die volkome toerusting van die onderwyser as geestelik volwasse mens.

---

1) Kenney, Lucien B. (Preface). (In Byers, L. & Irish, E. Success in student teaching, p. vi.)